higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

DAGSORGKOMMUNIKASIE N5

(5140225)

17 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

DRIE verwysingsbronne, wat 'n woordeboek insluit, mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye en 2 addenda (3 bladsye).

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
DAGSORGKOMMUNIKASIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: BEGRIPPE VAN KOMMUNIKASIE

VRAAG 1

1.1 Identifiseer die tipe kommunikasie wat deur in die volgende stellings verteenwoordig word: ☆

1.1.1 'n Spreker wat 'n groep mense toespreek.

1.1.2 Twee mense wat in die supermark vir mekaar glimlag.

1.1.3 Die gebruik van media (koerant).

1.1.4 Kunswerke en fotografie by 'n galery.

1.1.5 Om 'n toespraak voor die spieël te oefen.

(5 × 2) (10)

1.2 Noem VYF hindernisse van kommunikasie. ☆ (5 × 2) (10)

1.3 Gee TWEE voorbeelde van elk van die hindernisse in VRAAG 1.2.

(5 × 2) (10)

1.4 Teken 'n eenvoudige diagram wat die kommunikasieproses toon. (10)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: TAALVAARDIGHEDE

VRAAG 2

Lees die artikel in ADDENDUM A (aangeheg), “Kinderhuwelike is 'n skending van menseregte, maar is te algemeen”. ☆

Haal TWEE voorbeelde van elk van die verskynsels hier onder uit die artikel aan:

2.1 Getal

2.2 Hoofletter

2.3 Afkappingsteken

2.4 Aandagstreep

2.5 Komma

2.6 Aanhalingstekens

2.7 Hakies ☆

Kopiereg voorbehou

2.8 Punt

2.9 Dubbelpunt

2.10 Ellips

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: KORRESPONDENSIE EN GESKREWE WERK

VRAAG 3

Lees die artikel in ADDENDUM A (aangeheg), “Kinderhuwelike is 'n skending van menseregte, maar is te algemeen” en beantwoord die volgende vrae.

3.1 Skryf 'n brief aan jou plaaslike stamhoof waarin jy jou mening oor die saak uitspreek.

Gebruik die volgende sleutelwoorde:
minderjarig, huwelik, grondwet, kinderregte, skending, ens. (20)

3.2 Skryf 'n brief aan die redakteur van jou plaaslike koerant waarin jy jou mening gee oor kinderhuwelike en hoedat dit jong mense beïnvloed. (20)
[40]

TOTAAL AFDELING C: 40

AFDELING D: TEKSSTUDIE

VRAAG 4

Lees die pamflet hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.



4.1 Wat is die belangrikste doel van die pamflet? (2)

4.2 Noem die voordele wat met die kamp geassosieer word. (3 × 2) (6)

4.3 Hoe dra die opskrifte tot 'n mens se begrip van die teks by? (2)

4.4 4.4.1 Help die prente op die pamflet 'n mens om te verstaan waaroor dit handel? (1)

4.4.2 Gee TWEE redes om jou antwoord te staaf. (2 × 2) (4)

4.5 4.5.1 Verskaf die pamflet genoeg inligting vir 'n ouer om 'n ingeligte besluit te neem om kinders vir die kamp in te skryf? (1)

4.5.2 Noem TWEE tipes inligting wat in die pamflet ontbreek.

(2 × 2) (4)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20

AFDELING E: STUDIEVAARDIGHEDE

VRAAG 5

5.1 Lees die artikel in ADDENDUM A (aangeheg), “Kinderhuwelike is 'n skending van menseregte, maar is te algemeen”.

Maak 'n opsomming van die artikel.

Gebruik slegs TIEN sinne vir die opsomming.
Nommer die sinne 1 tot 10. (20)

5.2 Ontwerp 'n breinkaart om jou te help om die artikel in ADDENDUM A (aangeheg), “Kinderhuwelike is 'n skending van menseregte, maar is te algemeen” te onthou. Die hoofonderwerp is KINDERHUWELIKE. (20)

5.3 Bespreek die verskille tussen *oopeinde*- en *geslote tipe vrae*.

(4 × 2) (8)

5.4 Verskaf DRIE voorbeelde van elke tipe vraag. (12)
[60]

TOTAAL AFDELING E: 60

AFDELING F: SKRYFKUNS

VRAAG 6

Volg die riglyne vir die skryf van kinderstories in ADDENDUM B (aangeheg) en kies TIEN riglyne wat jy sal gebruik om 'n storie vir kinders van 5 tot 7 jaar oud te skryf.

Skryf 'n storie vir die bostaande ouderdomsgroep. **[20]**

TOTAAL AFDELING F: 20
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A

Kinderhuwelike is 'n skending van menseregte, maar is te algemeen.

Huwelike voor die ouderdom van 18 is 'n fundamentele skending van menseregte. Baie faktore werk saam om 'n kind bloot te stel aan die huwelik, insluitend armoede, die persepsie dat die huwelik 'beskerming' sal bied, familie-eer, sosiale norme, gebruiklike en religieuse wette wat die praktyk kondoneer, gebrekkige wette en die stand van menseregte in 'n land. Hoewel die praktyk meer algemeen onder meisies as seuns is, is dit steeds 'n skending van menseregte, ongeag die geslag.

Kinderhuwelike belemmer dikwels 'n meisie se ontwikkeling as gevolg van vroeë swangerskap en sosiale isolasie wat haar skoolopleiding onderbreek en haar geleenthede vir 'n beroep en beroepsontwikkeling beperk. Hoewel die invloed op kinderbruidegomme nie breedvoerig ondersoek is nie, mag die huwelik seuns in die rol van volwassenes plaas waarvoor hulle nie voorbereid is nie, en mag dit ekonomiese druk op hulle plaas en hul geleenthede vir verdere onderwys en beroepsontwikkeling belemmer.

Saambly – wanneer 'n paartjie ‘as een’ saam bly, asof hulle getroud is – veroorsaak dieselfde bekommernisse as die huwelik. Wanneer 'n paartjie saam bly, is die veronderstelling dikwels dat hulle volwassenes is, selfs al is een of albei nog nie 18 jaar oud nie. Bykomende kommer oor die informele verhouding – byvoorbeeld ten opsigte van erfporsie, burgerskap en sosiale erkenning – mag kinders in informele verhoudings op ander maniere beïnvloed as wanneer hulle formeel getroud is.

Die kwessie van kinderhuwelike word in verskeie internasionale konvensies en ooreenkomste behandel. Die Konvensie oor die Eliminering van alle vorme van Diskriminasie teen Vroue dek byvoorbeeld die reg op die beskerming teen kinderhuwelike in artikel 16 wat bepaal dat: “Die verlowing en huwelik van 'n kind sal geen regseffek hê nie en alle optrede, wat wetgewing insluit, is nodig om 'n minimum ouderdom vir die huwelik te bepaal.” Die reg op ‘vrye en volle’ instemming tot die huwelik word in die Universele Verklaring van Menseregte erken wat bepaal dat instemming nie ‘vry en ten volle’ kan wees as een van die betrokke partye nie volwasse genoeg is om 'n ingeligte besluit oor 'n lewensmaat te maak nie. Alhoewel die huwelik nie direk in die Konvensies op die Regte van die Kind genoem word nie, word kinderhuwelike aan ander regte gekoppel – soos die reg op die vryheid van uitdrukking, die reg op die beskerming teen alle vorme van misbruik, en die reg op die beskerming van skadelike tradisionele praktyke – en word dikwels in die Komitee op die Regte van die Kind hanteer. Onder internasionale ooreenkomste wat met kinderhuwelike verband hou is die Konvensie op die Instemming tot Huwelike, Minimum Ouderdom vir Huwelike en Registrasie van Huwelike, Die Afrikamanifes oor die Regte en Welstand van die Kind en die Protokol tot die Afrikamanifes oor Menslike en Menseregte op die Regte van Vroue in Afrika.

Kinderhuwelike onder meisies

Oor die wêreld heen is die vlakke van kinderhuwelike die hoogste in Afrika suid van die Sahara, waar 35 persent jong meisies voor die ouderdom van 18 getroud is, gevolg deur Suid-Asië en die Karibiese Eilande (24 persent, data nie getoon nie), die Midde-Ooste en Noord-Afrika (17 persent), en Oos-Europa en Sentraal-Asië (12 persent, data nie getoon nie).

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A (vervolg)

Die voorkoms van kinderhuwelike neem wêreldwyd af, met die meeste vordering in die laaste dekade in Suid-Asië waar 'n meisie se risiko om in haar kinderjare te trou met meer as 'n derde afgeneem het, vanaf feitlik 50 persent tot net onder 30 persent.

Die totale aantal meisies wat in hul kinderjare trou is steeds 12 miljoen per jaar, en vordering moet aansienlik versnel word om die praktyk teen 2023 – die teiken wat in die Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte gestel is, te beëindig. Sonder versnelling sal meer as 120 miljoen meisies steeds teen 2023 getrou het voor hul 18de verjaardag.

Kinderhuwelike onder seuns

Hoewel seuns en meisies wat in hul kinderjare trou weens biologiese en sosiale verskille nie dieselfde risiko en nagevolge dra nie, is die praktyk nieteenstaande 'n skending van die regte van kinders van albei geslagte. Soortgelyk aan kinderbruide, word kinderbruidegomme gedwing om volwasse verantwoordelikhede aan te neem waarvoor hulle nie voorbereid is nie. Die huwelik mag vroeë vaderskap tot gevolg hê en mag lei tot ekonomiese druk om vir die huishouding te voorsien; dit mag ook seuns se toegang tot onderwys en geleenthede vir die bevordering in 'n beroep belemmer.

Wêreldwyd trou 115 miljoen seuns voordat hulle 18 word. Die lande waarin kinderhuwelike van seuns die hoogste is, is geografies divers en verskil van die lande waarin dit die algemeenste onder meisies is.

Hoewel kinderbruidegomme minder as kinderbruide voorkom, ervaar hulle ook 'n skending van regte wat hul kinderjare kortknip. Verdere navorsing is nodig oor die aandrywers van die praktyk en die invloed daarvan op kinderbruidegomme.

[Bron: *data.unicef.org*]

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM B

VEREISTES VIR 'N KINDERSTORIE

1. Die storie behoort 10 tot 20 minute lank te wees wanneer die gelees word (afhangend van die ouderdom).

2. Gebruik kleinletters behalwe waar dit grammaties korrek is om hoofletters te gebruik.

3. Onthou: Naam van die storie, naam van die outeur, naam van die illustreerder, datum.

4. Illustrasies (soos kleur en gesigsuitdrukkings) moet by die storie pas

5. Kry die kind se aandag, bv. Lank, lank gelede ...

6. Taal moet geskik wees, bv. eenvoudige, alledaagse woorde, maar korrekte grammatika, terminologie en woorde.

7. Die kind moet in staat wees om met die mense, plekke, omstandighede en die omgewing te identifiseer.

8. Probeer om uit die kind se perspektief te skryf (die kind is jonk en onervare en het beperkte lewensvaardighede). Verduidelik goed soos hoë beddens in hospitale, hoë trappies om in taxi's in te klim, gapings tussen die trein en die platform.

9. Gebruik karakters waarmee die kind kan identifiseer, bv. familielede, diere wat hy/sy ken of diere in ons land.

10. Die gebruik van uitstaanprente, verskillende teksture en klanke in boeke is belangrik.

11. Die storie moet oor 'n begin, inhoud en slot beskik. Wat gaan gebeur, hoe dit gaan gebeur, en hoe dit sal eindig.

12. Die uiteinde moet altyd positief wees. Die goeie moet die slegte oorwin.

13. Vermy feëverhale, baie skrikkerige en onwaar stories totdat jy weet dat dit kind tussen werklikheid en fantasie kan onderskei.

14. Beperk die aantal karakters en gebeure.

15. Moedig die vorming van korrekte begrippe (idees) aan, bv. eekhorings bly in bome, paddas in dammetjies.

Kopiereg voorbehou